

MURRAYSBURGER



The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop on request.

Contact details on page 2

Januarie 2013
No 22



Môrestond

Miskien was die vorige jaar 'n bietjie donker en swartgallig vir sommige, maar daar is die belofte van 'n goue jaar wat voorlê. En wat is mooier om die Nuwe Jaar mee te verwelkom as 'n nuwe dag wat met goud in die mond agter ou Spitskop wakker word?

**'n Voorspoedige 2013 word aan al ons lesers
toegewens**

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135

SMS: 072 388 9284 / 082 5093 120

EPOS: renetheron@mweb.co.za / jennyballantyne@telkomsa.net

POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.

Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.

Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.

The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

VAN DIE REDAKSIE

Liewer laat as nooit en min nuus is goeie nuus. Die Oujaar was weer eens op vrolike wyse afgesluit by die gasvrye Avenants. Hierdie tradisionele bymeakaarkomplek se hekke en deure het weer wyd oopgestaan vir een en almal wat gesoek het na 'n geselligheid. Wat my vanjaar opgeval het en baie opgewonde gemaak het oor die toekoms van Murraysburg, was die groot getal jongmense wat daar was. So, mens verwag tog jongmense by so 'n geleentheid - niks snaaks daar aan nie, maar die die mooiste was die groot getal kinders, kleuters en babas wat aan hierdie jongmense behoort. Hier lê beslis 'n goeie toekoms vir Murraysburg in opgesluit. Dit sou net wonderlik wees as ons dalk 'n klein privaat skool aan die gang kan kry sodat ons die kleintjies hier in Murraysburg kan onderrig en ouers nie hulle kinders na vêr skole hoef te stuur of van tuisskool gebruik hoef te maak nie. Hoe lyk dit - is daar nie iemand wat ontvlugting van die stadsgejaag soek en hier op Murraysburg so iets wil kom vestig as 'n lekker rustige aftree-werkie nie?

Groete

René

~ Totsiens 2012 ~

Jan-Hendrik & Michele Swiegers en Sybrand Swanepoel



Jaarvergadering van die Murraysburg Sybokhaarkwekersvereniging, 2012

Die Murraysburg Sybokhaarkwekersvereniging het hul jaarvergadering op die 27ste November te Brandkraal gehou. Die vergadering is op paslike wyse deur ds. André Louwrens geopen.

Die sekretaris, mnr. Phil de Klerk, het mnr. Louw en Frans Retief geluk gewens met die wêreldrekordprys vir grootbokhaar aangebied as grootbokhaar en grootbokhaar aangebied as jongbokhaar, wat hul behaal het. Hulle was ook vierde in die Daidoh kompetisie vir die beste gemiddelde prys vir somerkleinbokkiehaar. Mnr. De Klerk wens ook mev. Linda Henderson geluk met haar herverkiesing op die SASKV- bestuur.

Die notule van die vorige vergadering word deur die voorsitter, mnr. Frans Retief, gelees en hy gee ook 'n kort opsomming van die finansies.

Die sprekers by die vergadering was mnr. Isak Staats (BKB Hoofbestuurder Wol en Bokhaar), Justin Coetzee (Bestuurder, SASKV), Gerhard Grobler (President, SASKV), mej. Anlé Marais (SSA), mnr. Louw Retief en dr. Roland Larson (Veearts).

Die bestuur vir 2013 is onveranderd, nl. mnr. Frans Retief, voorsitter, mnr. Louw Retief, ondervoorsitter, mnr. Phil de Klerk, sekretaris en mnr. Percy Reynolds, hulpsekretaris. Die addisionele lede is mnr. Phlippie Retief, Rikus Theron en Theronnie van der Merwe.

Daar was ook verskeie kompetisies waaraan die boere kon deelneem. So het hulle die geleentheid gekry om bokhaarmonsters te tipeer en die mikrons daarvan te skat. Mnr. Frans Retief het by die tipering met die louere weggestap terwyl mej. Adri Smit haar slag met die mikronskatting gewys het.



Met die plasing van ramme was mnr. Rikus en Berno Theron gesamentlik eerste. Daar was ook 'n ram waarvan die gewig geskat moes word. Hier was die ervare mnr. Rikus Theron in die kol.

Vanjaar is 'n vagkompetisie vir die eerste keer aangebied. Die kampioen ram- en kleinbokkievag is deur Louw en Frans Retief ingeskryf terwyl die kampioen jongbok- en grootbokvag van Jonkersnek, plaas van mnr. Theronnie van der Merwe afkomstig was. Mnr. Theronnie van der Merwe het ook die grootkampioenvag gehad.

Daar was ook geleentheid vir die plaaswerkers om die ramme te plaas en was hulle kennis en vaardighede 'n aangename verrassing.

Die uitslag van die kuddekompetisie, wat deur mnr. Kleintjie Pienaar, Bernett Johnson en Corné Nel van BKB beoordeel is, is ook bekend gemaak. Behalwe vir die wisseltrofees is daar ook pryse deur BKB en SSA geborg. Hierdie trofees en pryse is deur Anlé Marais (SSA) en Frans Retief aan die weners oorhandig.

Die beste ootjie is deur mev. Chrisma van der Merwe ingeskryf en die tweede beste ootjie deur mnr. William Biggs. Winnice Grobler het die beste groep ootjies



ingeskryf met haar boetie, Nicolaas Grobler, die tweede beste groep en mnr. Theronnie van der Merwe die derde beste groep.

Na 'n leersame en interessante vergadering kon die gaste die heerlike kos, voorgesit deur Noeline Hattingh en haar helpers, geniet. Die Murraysburg Sybokhaarkwekersvereniging is groot dank aan Peet en Maryn de Klerk verskuldig, vir die beskikbaarstel van hulle plaas.



Louw en Frans Retief doen dit weer!

Dit is nou al amper gebruiklik dat Louw en Frans Retief van die plaas Driehoeksfontein van die voorste prysweners van die Daidoh kompetisie is. Vanjaar is dan ook geen uitsondering nie en is hulle op 23 November tydens 'n funksie op Graaff-Reinet met die vierde plek beloon.

Die gesogte kompetisie word deur die Japanese firma Daidoh aangebied vir die bevordering van die gehalte van kleinbokkiehaar en die hoogste gemiddelde prys vir die somerskeersel kom in aanmerking. Die tien finaliste wat na die prysuitdelingsfunksie genooi word, ontvang elkeen 'n kontantprys terwyl daar ook nog 'n trofee vir die wenner is.

Dit is baie gepas dat die pa-en-seun span, Louw en Frans Retief, op dié wyse erkenning kry vir hulle insette in die sybokhaarbedryf, waar veral Louw deur die jare al diep spore getrap het.

Alle Murraysburgers is trots op hulle welslae en wens hulle verdere sukses toe.



Kersvader besoek Huis Spitskop

Die beheerraad onder leiding van Maretta Theron met die hulp van enkele ander dames uit die gemeenskap het op 5 Desember 'n heerlike Kersfunksie vir Huis Spitskop se inwoners en veral die personeel gereël. Die hoofdoel van dié funksie, wat nou al 'n jaarlikse instelling geword het, is om die personeel vir hulle onbaatsugtige diens deur die jaar te bedank.

Rialene van der Merwe het van vroegoggend af al die tafels keurig versier en daar was vir elke inwoner, wat nog enigszins mobiel is, en personeellid 'n plekkie aan die gedekte tafels. Dis nie dikwels dat die personeel maar net kan aansit nie!

Tydens haar verwelkoming het Maretta Theron, nuwe voorsitter, die personeel bedank en geloof vir hulle empatie, geduld en harde werk. Mnr Frikkie MacPherson het vir sy boodskap Lukas 2 gekies en die klem laat val op die woorde „omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie“. Sy versugting was dat ons vir Hom ruimte in ons

harte en op alle terreine in ons land sal inruim, omdat dit die enigste versekering vir 'n beter lewe vir almal is. Die inwoners en personeel het hulle volkome met sy woorde vereenselwig en heeltemal van hulle pyne en skete vergeet. Die inrigtingshoof, Ettienne Terblanche, het sy personeel geloof en die beheerraad vir die funksie bedank. Hy het beklemtoon dat hy en die personeel poog om vir die inwoners 'n tuiste te skep en dat gelukkige inwoners hulle grootste beloning vir 'n uitdagende maar baie vervullende taak is. Vyf personeellede het spesiale erkenning vir lang diens gekry. Mieta Brouers is nie minder as twintig jaar 'n lojale personeellid met Marthie Jaftha kort op haar hakke met vyftien jaar diens, terwyl Gladys Galant en Stefaans Afrika die afgelope tien jaar by Huis Spitskop werksaam is. Ettienne Terblanche is nou al vir vyf jaar inrigtingshoof.

Nadat mnr. Marais namens die inwoners die personeel en veral vir mnr. Terblanche bedank het, het die hele personeel die inwoners en beheerraad pragtig meerstemmig toegesing. Hulle toewyding en die gehalte van hul sang het vir menige knop in die keel gesorg en almal daaraan herinner dat Kersfees werklik oor God se onuitspreeklike Liefde vir die mens gaan.

Na hierdie hoogtepunt was daar skielik 'n klop aan die deur en het Kersvader en sy helper aan elke inwoner by name 'n geskenkie (deur die plaaslike VLV-tak verskaf) oorhandig. Vir baie sal dit die enigste kersgeskenk wees en was dit baie spesiaal as bewys dat daar ook aan elke inwoner van Huis Spitskop persoonlik gedink word.

Na al die opwinding het die beheerraadslede en hulle helpers 'n heerlike ete met onder andere ham en hoenderpastei bedien en kon die personeel dit saam met die inwoners geniet.



Almal was
dit eens
dat vanjaar
se
kersfunksie
besonder
geslaagd
was!

Wolkbreuk verras Jannie

Pienaar

’n Onverwagte wolkbreuk bokant die plaas Onderstetuin in die Sneeuberge het Jannie Pienaar van Rooipoort onlangs half onkant gevang toe die vinnige vloedwater sy bakkie ’n ent meesleur het. Gelukkig het hy en sy werkers ongedeerd daarvan afgekóm, maar weer eens die krag van water besef.

Daar is groot dankbaarheid dat hulle bewaar is en elkeen in die distrik het weer nuwe respek vir die elemente.



Nog een van die Sneeuberg driwwe

Volgens Jannie het die water hom redelik onverwags betrap en alhoewel hy die drif by Vleiplaas versigtig benader en eers getoets het of dit veilig is, het die wal water skielik op hom afgekóm en die bakkie neus eerste van die drif afgespoel maar gelukkig het die mat gekeer dat hy verder met die rivier mee gesleur was. Die krag van die water het dit egter onmoontlik gemaak om die bak se flap oop te maak en die werkers met hulle vrouens en kinders was vasgekeer. Een van die manne het die seil met sy mes oopgesny en hulle kon toe die mense een vir een na veiligheid uithelp. Nét na die laaste persoon uitgehelp was, het die mat se anker mee gegee en het die bakkie verder weggespoel en omgeslaan. Dit was inderdaad 'n bestiering van Bo dat daar geen lewensverlies was nie.



Soos die Sneeubergpad kán lyk na 'n wolkbreuk

Nog 'n ampse tragedie

Op 29 November verlede jaar het Izak van der Merwe, van Stellenboschvlei en nou permanente dorpenaar, van



Beaufort-Wes af terugkeer en op die N1 ongeveer 300 meter van die Murraysburg afdraaipad, 'n vinnige uiltjie geknip agter die stuurwiel en van die pad afgery. Izak het bo-oor die pad gery, aan die regterkant af waar hy 'n stuk grensdraad afgeskryf het, die sleepwaentjie verloor het en toe weer terug op die pad oor na die linker kant waar hy parkeer het asof niks gebeur het nie! Daar word mos gesê 'n boer moet nie na twaalf op die pad wees nie, want dis sy slaapyd!

Ons skryf hierdie berig maar in ligter trant net om nog die groot skrik te verwerk aangesien hierdie 'n lelike ongeluk kon gewees het as Izak se Hoër Hand nie daardie dag oor hom was nie. Ons is saam met Johanna en die kinders dankbaar dat alles so goed afgeloop het.



Erratum

Daar het ongelukkig in die vorige uitgawe 'n groot fout in die berig oor die Karoo-kokke ingesluit. Kruidfontein moet lees Kareebosch
Ons maak verskoning vir die fout.

Oorlewing in die Karoo

Na 35 jaar se verdwaal in die goot stede op soek na sin in die lewe, beland ons toe op die ou verlate dorpie. Die kinderjare se herinneringe van grootword in die karoo spoel terug soos 'n rivier in vloed. Skielik voel dit asof daar geen tydsverloop was nie want alles is nog so dieselfde. Die blou lug, die spierwit wolke, die warm grond, die harde klippe, die dubbeltjies, die ruik van eerste reëndruppels op die warmgebakte stof, die derduisende sterre in die nag, die akkedisse en geitjies en sprinkane, spinnekoppe en voëltjies – alles is net soos ek dit agtergelaat het al daardie jare gelede. Hierdie tydlose wêreld nie eens agtergekom het ek was weg nie, my nooit gemis het soos ek hom gemis het nie.

Jy gaan na die see verlang, het my vriende gewaarsku. Voor die jaar om is, is jy weer terug hier. As ek in die vroegoggend op die koppie agter die dorp staan ek uitkyk oor die vlaktes wat in alle rigtings strek tot teenaan die vêr-af berge dan besef ek hierdie is my nuwe see. En anders as by my ou see waar mens maar net op en af met die strand langs kan stap, kan mens hier in alle rigtings stap en die wonders van die Karoo ervaar en geniet en luister na die duisende voëls se gekwetter en terwyl my honde in alle rigtings heen storm en probeer sin maak uit al die nuwe reuke en geluide.

Ek was bekend gestel aan Piet, een van die plaaslikes en 'n jare-lange getroue helper vir my skoonsuster. Daar is so baie manne met die naam van Piet in hierdie dorp, dat elkeen geken word aan die werk wat hulle doen, of waar hulle bly of boer, so is daar byvoorbeeld Piet Landdros, Piet Slaghuis, ensovoorts. So is my Piet dan bekend as Tuinpiet omdat hy in so baie tuine hier rond werk. Tuinpiet is die man wat my al so baie geleer het van die geheime van oorlewing in die karoo want hier is niks so maklik soos dit met eerste oogopslag nie mag lyk nie. Ek wou 'n eenvoudige bouwerk aanpak en vra toe 'n paar manne wat besig was om die ou hotel te omskep in die nuwe gemeenskapsentrum waar hulle die boumateriaal bekom. Wel, die koöperasie hou sement aan en soms bakstene maar dié en die bousand kom van George of Beaufort-Wes – as meneer bereid is om te wag. So kom Tuinpiet dan tot die redding en wys my waar die plaaslikes hulle eie bakstene maak en waar om te gaan grawe vir sand, hoe om die onsuiver sand te sif. Ek wou toe ook 'n opvang-gat te grawe om die water van my buite-stort op te vang want hier leer mens gou dat elke druppel water ten minste twee keer gebruik word. Ek het Tuinpiet probeer oorreed om die gat te grawe maar alhoewel hy my nie direk probeer afraai het nie, het sy ontwijkende antwoorde my met geen illusies gelaat dat hy nie eens oorweeg om met hierdie projek betrokke te raak nie. Ek moes maar self my eie vingers brand en uitvind hoe hard en klipperig die grond hierdie wêreld is. Tuinpiet het my ook geleer dat hier gooi mens niks weg nie. Selfs gebuigde spykers uit ou planke wat op hulle beurt weer nuwe kombuis-kaste sou word, word reguit gekap en gebêre want môre-oormôre wanneer jy 'n spyker soek is die naaste een dalk 90

kilometer vêr. Ek wou 'n ekstra kraan by die kombuiswasbak aanbring en soos gewoonlik met my loodgieterwerk is daar maar altyd 'n paar pyplaste wat weerbarstig lek. Tuinpiet het die gesukkel rustig aanskou en sê toe met die wysheid gebore uit jare se ondervinding “*Meneer, moenie worry nie, meneer. Oor 'n week is hy toe gekalk en is die lek weg*”. Hy was so reg! Dieselfde kalk is egter net so effektief om enige stortkop, kraan of ballvalve wat vir 'n rukkie nie in gebruik was nie, te verstop. Daarvoor het Tuinpiet ook raad. “*Kap hom net so 'n bietjie met 'n spanner, meneer. Dan kom die kalk gou los*”. Ek moet nog uitvind hoekom mens 'n spanner moet gebruik en nie 'n hamer nie, maar ek sal liever nie Tuinpiet se meerdere kennis in twyfel trek nie.

Die lewe in die karoo het geen verdraagsaamheid tenoor burokratiese rompslomp nie. En as enige burokrat sinnelose reëls probeer toepas wat mag inmeng in die daaglikse voortbestaan, word dit eenvoudig ge-ignoreer ten gunste van gesonde verstand. Een van die reëls uit Pretoria is dat 'n sekuriteitsmaatskappy twee keer 'n week die kontant by die landdroskantoor moet afhaal en veilig na Beaufort-Wes, 160 km vêr, vervoer. Die koste hiervan oorskry die monetêre waarde van die kontant verreweg maar die plaaslikes het gou agtergekom hoe om waarde toe te voeg tot hierdie diens. In hierdie wêreld word maksimaal gebruik gemaak van enige draaiende wiele en die gepantserde kontantwa word ingespan vir enige ander goedere wat tussen hier en Beaufort-Wes moet beweeg. Partykeer is die kontantwa somer 'n gewone plaasbakkie wat ingespan word en dit flous beslis enige voornemende “CIT”-rowers. Op 'n dag stop een so 'n verflenterde bakkie voor my huis en na aanleiding van al die stukke plaas implemente, sakke meel, hondekos en wat nog alles, dog ek dat dit 'n smous is wat op soek is na die vorige eienaar van my huis. Ek verduidelik toe vir hom dat hulle nie meer hier bly nie. Nee, sê die bestuurder, hy is 'n koerier en hy het die internet modem kom aflewer wat hiernatoe bestel was. Kon my geflous het. My skoonsuster vertel hoedat sy die munisipaliteit gebel het om 'n vrag tuinvuilis te kom verwyder. Gewoonlik is hulle nogal gou om te reageer maar dié dag sê hulle toe hulle kan nie dadelik kom nie, want Piet Spietkop is in die dorp en het hulle trekker weens 'n padwaardigheid tekortkoming van die pad afgetrek. Maar sê hulle, hulle sal kom sodra Piet Spietkop weg is uit die dorp. Die Piet Spietkop is 'n rondgaande verkeersbeampte wat vanuit Beaufort Wes opereer en soos die sheriffs van ouds, van dorp tot dorp reis om sy meester se wette af te dwing. Die plaaslike riemtelegramme werk egter so effektief dat alle wetsoortreders soos mis voor die son verdwyn lank voor hy die dorp binnevaar. Almal stop skielik by die stopstrate, polisie inkluis, al die motors is aan die regte kant van die pad geparkeer en niemand praat op 'n selfoon terwyl hy of sy bestuur nie. 'n Effense lastigheid maar die ongerief duur nie lank nie.

Die gemeenskap tuin het in sy eerste jaar van bestaan die mooiste groente vars uit die grond gelewer en werk verskaf aan sowat 26 mense. Op 'n dag sien ek 'n groot menigte daar onder by die tuin en gaan nader om te sien wat aangaan. Dit was toe die aflewering van 'n splinternuwe nuwe trekker, een van daardie driewiel gedoentes wat

mens in die Verre-Ooste sien waar hulle gebruik word om die ryslande te bewerk. Heel waarskynlik ook deur die Chinese geskenk inruil vir ander gunstes op 'n later datum. Die instrukteur was 'n swart man met weinig kennis van die Engelse taal en nog minder van Afrikaans. Die werkers onder instruksie was almal Afrikaanssprekend en hulle Engels nog treuriger as dié van die instrukteur en dieselfde het gegeld vir die jong man van Landbou Tegniese Dienste wat moedig die instrukteur se lesse probeer vertaal het. Dit was sommer gou duidelik dat die trekker 'n beperkte leeftyd in die harde karoo grond gaan hê en dit was verder bevestig toe die instrukteur verduidelik dat die trekker swart rook moet maak as hy loop. Die oomblik as hy wit rook begin maak, moet hulle dadelik stop want dan is daar yslike moeilikheid. Na al die lesse het die instrukteur met groot gesukkel die trekker se enjin aan die gang gekry te midde van groot bondels spierwit rook wat by die uitlaatpyp uitborrel maar hy het rustig voortgegaan asof daar niks fout was nie. Dit moes die manne omtrent deurmekaar gehad het en mens kan net wonder wat het die swaarste geweeg – woorde of dade. Die laaste wat ek van die trekker gehoor het, is dat hy 'n wiel verloor het en dat daar nou twee jaar later steeds gestry word oor wie se skuld dit was dat die trekker nou net twee wiele het en redelik onbruikbaar is!



Avertensie – Spesiaal vir die Dames

Ek bedryf die afgelope 10jaar Lavender Breeze Health & Beauty in Wilderness. Voor dit was ek werksaam vir 18jaar as 'n Mediese Tegnoloog, maar het besluit op 'n loopbaan verandering en my bekwaam as 'n skoonheidsterapeut by Total Concept Academy in Port Elizabeth.

Ek is passievol oor velsorg en gebruik Environ produkte asook die Environ DF masjien. Die masjien deur dr Des Fernandes, (plastiese chirurg wat die Environ velreeks ontwikkel het), werk deur Sonophorese(klankgolwe) en Iontophorese(galvaniese stroom). Die werking van die masjien verhoog die penetrasie van die serums wat tydens 'n facial gebruik word is en is hoogs effektief vir teen-veroudering behandelings asook om pigmentasie en hidrasie van die vel te verbeter. Dit is 'n baie veilige en effektiewe behandeling.

Ander behandelings sluit in manikure, waks, tint en masserings. Ek doen ook pedikure met die Balsan- afskilwering vir droe hakke asook paraffin waks.

Powerplate:

Die Powerplate masjien gebruik die beginsel van versnellings tegnologie om die liggaam se natuurlike respons op vibrasie te stimuleer. Die beweging van die plaat veroorsaak 'n refleks beweging van die spiere wat dit aktiveer om tussen 25 en 50 per sekonde saam te trek. Die effek van hierdie manier van oefen is baie effektief en verbeter die volgende:

- bloedsomloop
 - spierkrag
 - spiertonus
 - soepelheid (flexibility)
 - been digtheid
 - selluliet
 - verhoogde metabolisme
- Powerplate word

aanbeveel 3x 'n week vir 15min per sessie. Fikser persone kan 3x 'n week 30min sessies doen



Ek beplan om Desember maand die salon te open by Kweperlaan en dan in die nuwe jaar 2 weke per maand behandelings daar te doen. Die ander 2 weke sal ek by Lavender Breeze in Wilderness wees.

Sien uit om almal te ontmoet en aan die gang te kom!

Vonita



doenit.net
en sien die verskil

Vir u ontwerp en webwerf behoeftes
'n professionele antwoord.

Kontak Adri : 082 564 2814

E-pos: adri@doenit.net

Webwerf: www.doenit.net



Die lekkerste bymekaarkomplek in Murraysburg. By die nuwe Kweperlaan is daar baie gerieflike sitplek en kuierplek binne en ook buite onder die koel druiwe-prieel. Ideaal vir funksies, kinderpartytjies of selfs meer formele byeenkomste.

Indien julle lus is vir 'n ontbyt of middagete, reël net vooraf met Jenny by 082 509 3120.